# WERKSKEPPING IN BOTSHABELO: FIKSIE OF FEIT[1]?

**A J Strydom en C J Pretorius**[2]

*Manuskrip aanvaar November 1991*

*Research indicates that the labour force of Botshabelo has increased at a proportionally quicker rate than that of the RSA over a given period of time. This situation is however not an inherent characteristic of the economy of Botshabelo, but should be attributed to factors such as, inter alia, an initial influx of people into the area, decentralisation incentives and the influence of commuter and migrant labour.*

*The number of economically active persons who earn a living in Botshabelo is unacceptably low and it appears that the economy of the city as such is incapable of meeting the demand for local job opportunities. This can be attributed to inter alia a lack of linkage among industries, which is an indication of a poorly integrated economy.*

*Planning for future growth and development in Botshabelo should occur within the context of development within the Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu (BBT) subregion. Any action which stimulates or inhibits the complementary nature of development in Bloemfontein, Botshabelo or Thaba Nchu, will have an influence on economic growth and development in Botshabelo.*

---

*Navorsing dui daarop dat die arbeidsmag van Botshabelo oor 'n gegewe tydperk proporsioneel teen 'n vinniger tempo as in die RSA toegeneem het. Hierdie situasie is egter nie 'n inherente kenmerk van Botshabelo se ekonomie nie, maar moet aan faktore soos onder andere 'n aanvanklike toestroming van mense na die gebied, desentralisasievoordele en die invloed van pendel- en migrasie-arbeiders toegeskryf word.*

*Die getal ekonomies aktiewe persone wat 'n bestaan in Botshabelo maak, is onbevredigend laag en dit blyk dat dié stad se ekonomie tans nie op sy eie in staat is om in die vraag na plaaslike werkgeleenthede te voorsien nie. Dit kan onder andere toegeskryf word aan 'n gebrek aan skakeling tussen bedrywe, wat 'n aanduiding is van 'n swak geïntegreerde ekonomie.*

*Beplanning vir Botshabelo se toekomstige groei in ontwikkeling moet binne die konteks van ontwikkeling in die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu (BBT)-substreek geskied. Enige handeling wat die komplementêre aard van ontwikkeling in Bloemfontein, Botshabelo of Thaba Nchu stimuleer of strem, sal 'n invloed op ekonomiese groei en ontwikkeling in Botshabelo hê.*

## 1. INLEIDING

Botshabelo is 'n stad wat 57 kilometer oos van Bloemfontein geleë is en wat sy ontstaan te danke het aan sosiopolitieke faktore wat gedurende die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare in die RSA geheers het. Die stigting van die stad is op 27 April 1978 deur die Suid-Afrikaanse Kabinet goedgekeur met die volgende as hoofdoelwitte:

- om die ongeveer 60 000 Suid-Sotho's wat na die onafhanklikheidswording van Bophuthatswana as plakkers in Thaba Nchu woonagtig was, daarheen te verskuif;
- om aan Suid-Sotho's op landbouhoewes in die Bloemfontein-omgewing 'n permanente woonplek te verskaf, en
- om die bevolkingsaanwas van Bloemfontein se stedelike swart inwoners te akkommodeer (Suid-Afrika (Republiek) 1985).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die sosio-ekonomiese faktore wat normaalweg tot die ontwikkeling van 'n stad aanleiding gee, afwesig was by die ontwikkeling van Botshabelo tot 'n stedelike gebied. By implikasie beteken dit dat die bevolking van Botshabelo op 'n plek gevestig is waar daar feitlik geen plaaslike ekonomiese aktiwiteite was wat werk- of bestaansgeleenthede gebied het nie. 'n Ekonomiese basis wat oor die generatiewe vermoë beskik om die bestaansmoontlikhede van die bevolking bevredigend te verruim, moes dus van meet af aan ontwikkel word.

Teen watter tempo hierdie bestaans- of werkgeleenthede geskep moes word, blyk duidelik uit die feit dat dié stad se bevolking vanaf 18 246 persone in 1979 tot 233 555 in 1990 toegeneem het (Van der Merwe, 1990:213). Vir die termyn onder bespreking beteken dit 'n groeikoers van 26,08 persent per jaar. Dit is 'n bevolkingstoename wat deur geen stedelike ekonomie in SuidAfrika geakkommodeer kan word nie.

Dat die ekonomiese proses en die gepaardgaande werkskepping wel vanaf die datum waarop die eerste persone in Botshabelo gevestig het (1979) momentum gekry het, blyk uit 'n opname wat in 1988 in dié stad gemaak is. Ten tye van dié opname het die werkloosheidskoers in Botshabelo 14,54 persent van die ekonomies bedrywige bevolking[3] beloop (Van der Merwe, 1990:28). Volgens die lopende bevolkingsopname van die Sentrale Statistiekdiens in Pretoria (November 1988) was die werkloosheidsyfer vir swartes in stede van die RSA 15,3 persent, in dorpe 11,4 persent en op plase 9,7 persent. Hieruit blyk dit dat Botshabelo se werkloosheidsyfer goed met dié van ander stede in SuidAfrika vergelyk.

Indien hierdie situasie met die skerp toename in Botshabelo se bevolking in verband gebring word, wil dit met die

eerste oogopslag voorkom asof ekonomiese groei en ontwikkeling in die stad teen 'n merkwaardige tempo geskied het.

In hoe 'n mate hierdie stelling waar is en steeds vir die toekomstige ontwikkeling van die stad sal geld, sal deur verdere ontleding bepaal moet word.

## 2 BEDRYFSAMESTELLING VAN BOTSHABELO SE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

'n Proporsionele of reële verandering in die getal ekonomies aktiewe persone wat by die onderskeie ekonomiese aktiwiteite van 'n dorp of stad betrokke is, kan 'n aanduiding verskaf van die ekonomiese groei en ontwikkeling wat daar plaasvind.

'n Ontleding van die bedryfsamestelling (gemeet aan die aantal werkgeleenthede) van Botshabelo se ekonomies bedrywige bevolking vir die jare 1985 en 1988 word in Tabel 1 aangetoon.

TABEL 1: BOTSHABELO-LANDDROSDISTRIK: VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VOLGENS BEDRYF, 1985 EN 1988

| Sektore | 1985 | | 1988 | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal persone | Persentuele verdeling | Aantal persone | Persentuele verdeling |
| Primêre sektor | | | | |
| Landbou | 634 | 2,70 | 481 | 0,87 |
| Mynbou | 1 859 | 7,91 | 10 648 | 19,21 |
| Sekondêre sektor | | | | |
| Fabriekswese | 1 756 | 7,47 | 12 212 | 22,03 |
| Elektrisiteit | 169 | 0,72 | 390 | 0,70 |
| Konstruksie | 5 623 | 23,91 | 5 866 | 10,58 |
| Tersiêre sektor | | | | |
| Handel | 2 719 | 11,56 | 5 264 | 9,50 |
| Vervoer | 1 632 | 6,94 | 2 345 | 4,23 |
| Finansiering | 199 | 0,85 | 210 | 0,38 |
| Dienste | 8 922 | 37,94 | 18 019 | 32,50 |
| TOTAAL | 23 513 | 100,00 | 55 435 | 100,00 |

Bronne: Inligting verkry deur fisiese opname, November 1988

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens (1986) *Bevolkingsensus 1985: nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag no 02-85-03), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Uit dié tabel blyk die volgende:

- Van Botshabelo se ekonomies aktiewe arbeidsmag was 10,61 persent in 1985 in die primêre sektor werksaam en hierdie persentasie het verhoudelik tot 20,08 persent in 1988 toegeneem. Dit is veral ten opsigte van mynbou dat 'n betekenisvolle styging (7,91 persent in 1985 na 19,21 persent in 1988) tydens genoemde periode ondervind is.
- In 1985 het 32,10 persent van die ekonomies bedrywige persone in Botshabelo hul arbeid in die sekondêre sektor verrig. Hierdie persentasie het verhoudelik toegeneem tot 33,31 persent in 1988. Ontledings toon dat daar tussen 1985 en 1988 'n klemverskuiwing in hierdie sektor plaasgevind het. Die konstruksiebedryf het in 1985 aan 23,91 persent en in 1988 aan slegs 10,58 persent van Botshabelo se arbeidsmag 'n bestaansmoontlikheid verskaf. Daarteenoor het die aandeel van fabriekswese in die arbeidsmag van Botshabelo verhoudelik vanaf 7,47 persent in 1988 tot 22,03 persent in 1988 toegeneem.
- Die tersiêre sektor het in 1985 en 1988 aan onderskeidelik 57,29 persent en 46,61 persent van Botshabelo se arbeidsmag werk verskaf.

Alvorens redes vir genoemde tendense in die onderskeie sektore verskaf kan word, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie bedryfsamestelling alle ekonomies bedrywige persone insluit wat in die Botshabelo-landdrosdistrik woon, ongeag waar hulle werkplek is. 'n Studie wat in 1988 deur ISEN in Botshabelo onderneem is, het aan die lig gebring dat slegs 33,74 persent van Botshabelo se arbeidsmag gedurende daardie jaar in die stad en sy distrik gewerk het. Die res (66,26 persent) was vir 'n bestaansmoontlikheid op pendel- en migrasie[4]-arbeid aangewese (Strydom en Vrey, 1990:4).

'n Ontleding van die patroon van pendel- en migrasie-arbeid toon dat die meeste (82,64 persent) van Botshabelo se pendel- en migrasie-arbeiders in 1988 in Bloemfontein en op die Vrystaatse Goudvelde gewerk het (51,27 persent en 31,37 persent onderskeidelik).

Binne hierdie konteks is dit duidelik dat die verhoudelike toename in aktiwiteit in byvoorbeeld die mynboubedryf vanaf 1985 tot 1988 (Tabel 1), inderwaarheid persone verteenwoordig wat op die Vrystaatse Goudvelde werksaam is en in Botshabelo woon. Dieselfde verskynsel geld ook vir die ander bedrywe.

Ten einde die belangrike rol wat pendel- en migrasie-arbeid in die ekonomie van Botshabelo speel te illustreer, het die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (ISEN) 'n scenario voorberei waarin van die veronderstelling uitgegaan word dat 10 persent van die pendel- en migrasie-arbeiders wat in Botshabelo woon meer sensitief op ekonomiese prikkels gaan reageer deur so na as moontlik aan hul werkplek te vestig. Die vernaamste gevolge van hierdie moontlike migrasie van mense uit Botshabelo vir die plaaslike ekonomie sou behels die volgende:

- Inkome deur arbeiders in Botshabelo verdien, sou met ongeveer R2,8 miljoen daal.
- Ongeveer 740 arbeiders sou hul werk in Botshabelo verloor.
- Die waarde van invoere na Botshabelo sou met meer as R25 miljoen daal.
- Oorbetalings aan die plaaslike owerheid sou met bykans R4 miljoen daal.

Word pendel- en migrasie-arbeid, as 'n eksterne faktor, buite rekening gelaat en net op die werkskeppende vermoë van Botshabelo se interne ekonomie gekonsentreer, verander die situasie dramaties.

## 3 WERKGELEENTHEDE IN BOTSHABELO

### 3.1 Bedryfsamestelling van die plaaslike ekonomie

'n Ontleding van die bedryfsamestelling (gemeet aan die aantal werkgeleenthede) van Botshabelo se ekonomie vir die jare 1985 en 1988 word in Tabel 2 aangebied.

Uit dié tabel blyk die volgende:

- Die primêre sektor in Botshabelo het in 1985 aan slegs 1,38 persent van die ekonomies bedrywige bevolking werk verskaf en dié persentasie het in 1988 na 0,80 persent gedaal.
- Werkverskaffing in die sekondêre sektor het verhoudelik vanaf 47,52 persent in 1985 tot 63,17 persent in 1988 toegeneem. Veral fabriekswese het 'n betekenisvolle styging in genoemde periode ondervind (van 20,65 persent in 1985 na 52,57 persent in 1988).
- Die aantal werkgeleenthede in die tersiêre sektor het verhoudelik vanaf 51,10 persent in 1985 tot 36,01 persent in 1988 afgeneem.

Redes vir genoemde tendense sal vervolgens volledig toegelig word, wanneer die tempo van werkskepping in Botshabelo met die gemiddeld in die RSA vergelyk word.

TABEL 2: BOTSHABELO: BEDRYFSAMESTELLING VAN DIE PLAASLIKE EKONOMIE, 1985* EN 1988

| Sektore | 1985 | | 1988 | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal persone | Persentuele verdeling | Aantal persone | Persentuele verdeling |
| Primêre sektor | | | | |
| Landbou | 79 | 1,15 | 60 | 0,32 |
| Mynbou | 16 | 0,23 | 90 | 0,48 |
| Sekondêre sektor | | | | |
| Fabriekswese | 1 414 | 20,65 | 9 836 | 52,57 |
| Elektrisiteit | 52 | 0,76 | 120 | 0,65 |
| Konstruksie | 1 788 | 26,11 | 1 865 | 9,97 |
| Tersiêre sektor | | | | |
| Handel | 761 | 11,11 | 1 474 | 7,88 |
| Vervoer | 356 | 5,20 | 511 | 2,73 |
| Finansiering | 57 | 0,84 | 60 | 0,32 |
| Dienste | 2 324 | 33,95 | 4 693 | 25,08 |
| TOTAAL | 6 847 | 100,00 | 18 709 | 100,00 |

Bronne: Inligting verkry deur fisiese opname, November 1988

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, (1986) *Bevolkingsensus 1985: nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag no 02-85-03), Pretoria, Die Staatsdrukker.

* Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die patroon van pendel- en migrasie-arbeid in Botshabelo in 1985 dieselfde was as tydens ISEN se opname in 1988 en daarom is dit buite rekening gelaat.

### 3.2 Werkskepping: Botshabelo versus die gemiddelde vir die RSA as geheel

#### 3.2.1 Differensiële en proporsionele verskuiwing

'n Tegniek wat aangewend kan word om ekonomiese groei en die onderliggende faktore wat daartoe aanleiding gee te meet, is die differensiële en proporsionele verskuiwingstegniek. Ekonomiese groei in 'n gebied kan volgens Perloff en Dodds (1963:70) aan twee oorsake toegeskryf word. 'n Gebied kan eerstens groei ondervind indien sekere bedrywe in die gebied proporsioneel vinniger as in ander gebiede groei. Dit beteken dat die gebied bepaalde vestigingsvoordele vir die betrokke bedrywe bied. Dit word die plaaslike faktoreffek genoem en word gemeet deur die differensiële verskuiwing in die ekonomiese bedrywige bevolking te bereken[5].

Tweedens kan 'n gebied ook 'n toe- of afname in groei ondervind indien sy bedryfsamestelling binne nasionale konteks gunstig of ongunstig verander. Dit word die samestellingseffek genoem en word gemeet deur die proporsionele verskuiwing in die ekonomies bedrywige bevolking te bereken. Die som van die differensiële en proporsionele verskuiwing toon die totale netto verskuiwing van arbeiders in 'n gebied oor 'n gegewe tydperk.

In die toepassing van hierdie tegniek gaan dit nie oor reële groei of kwyning nie, maar oor plaaslike bedrywe se prestasie in vergelyking met dié van dieselfde bedrywe in die RSA. Die resultaat dui aan of 'n bedryf(we), relatief tot 'n groter geheel, beter presteer het (+) of nie (−).

Alhoewel hierdie tegniek volgens Stevens en Moore (1980:433) waarskynlik nie akkuraat en betroubaar genoeg is vir beplanningsdoeleindes nie, bly dit doeltreffend ten opsigte van die vermoë om vinnige, goedkoop en nuttige aanduidings van 'n stad of streek se prestasie in die verlede te verskaf, sowel as om probleme te identifiseer wat die aandag van openbare beleidmakers vereis of verdere studie mag verg. Resultate deur middel van hierdie tegniek verkry, is opgevolg deur 'n inset-uitsetanalise van Botshabelo se ekonomie, wat ten doel gehad het om geïdentifiseerde probleme meer diepgaande te ondersoek. Die resultate word later in die artikel bespreek.

In Tabel 3 word die differensiële verskuiwing in die ekonomies bedrywige bevolking van die Botshabelo-landdrosdistrik vir die tydperk 1985 tot 1988 aangetoon.

Die belangrikste afleidings uit dié tabel is die volgende:

- As gevolg van die invloed van plaaslike faktore het die Botshabelo-landdrosdistrik gedurende die genoemde periode beter presteer as die gemiddeld vir die land as geheel (+11 056). Dit impliseer dat werkgeleenthede in Botshabelo teen 'n vinniger tempo as in die RSA geskep is. Wat die omvang van hierdie plaaslike faktore was, sal duidelik uit die volgende paragrawe, waar elke bedryf afsonderlik ontleed word, blyk.
- Binne die primêre sektor vertoon die landboubedryf in Botshabelo minder gunstig (−19) en daar word nie binne die geproklameerde dorpsgebied vir betekenisvolle uitbreiding van hierdie bedryf voorsiening gemaak nie. (Bestaande landboubedrywighede behels hoof-

TABEL 3: BOTSHABELO-LANDDROSDISTRIK: DIFFERENSIËLE VERSKUIWING IN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING, 1985-1988

| Bedrywe | Differensiële verskuiwing |
|---|---|
| Primêre sektor | |
| Landbou | -19 |
| Mynbou | +74 |
| Sekondêre sektor | |
| Fabriekswese | +8 400 |
| Elektrisiteit | +54 |
| Konstruksie | -489 |
| Tersiêre sektor | |
| Handel | +709 |
| Vervoer | +136 |
| Finansiering | -11 |
| Dienste | +2 202 |
| TOTAAL | +11 056 |

Bronne: Inligting verkry deur fisiese opname, November 1988

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, (1986) *Bevolkingsensus 1985: nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag no 02-85-03), Pretoria, Die Staatsdrukker.

saaklik die aktiwiteite van 'n hoenderplaas buite die stad.) Die positiewe tendens in die mynboubedryf (+74) is hoofsaaklik aan die aktiwiteite van steen- en gruisgroewe te danke en daar bestaan 'n moontlikheid dat dié bedryf in die toekoms verder kan uitbrei ten einde die konstruksiebedryf van die nodige materiaal vir die skep van infrastruktuur te voorsien.

- In die sekondêre sektor is dit veral fabriekswese wat gunstig vertoon (+8 400) as dit met die gemiddeld vir die land vergelyk word. Dit impliseer egter nie outomaties dat Botshabelo 'n bloeiende nywerheidsentrum is nie. Hierdie tendens is hoofsaaklik die resultaat van die nywerheidsdesentralisasieprogram van die RSA-regering.

Botshabelo is reeds in 1982 tot 'n nywerheidsgroeipunt verklaar wat beteken dat omvattende aansporingsmaatreëls vir die vestiging van nywerhede in die stad van toepassing is (Fourie, 1987:5).

Die Nasionale Streekontwikkelingsprogram is pas hersien en dit is duidelik dat daar in die toekoms meer gekonsentreer sal word op 'n benadering waarvolgens streekontwikkeling nie meer op die skep van 'n kunsmatige ekonomiese basis in die verskillende streke en substreke gegrond sal word nie, maar eerder op die komparatiewe voordele van elke onderneming. In die lig hiervan is dit 'n ope vraag of Botshabelo sy prestasie ten opsigte van nywerheidsvestiging sal kan voortsit.

- Die negatiewe syfer vir die konstruksiebedryf (−489) is 'n betekenisvolle verskynsel, veral as in ag geneem word dat dié bedryf ten nouste gemoeid is met die daarstelling van die nodige infrastruktuur vir die funksionering van 'n ontwikkelende gebied soos Botshabelo. Uit 'n opname betreffende behuising in die gebied blyk dit dat, uit 'n totaal van 38 115 woonhuise, meer as die helfte (19 763) in 1990 tydelike konstruksies (informele behuising) was (Botha et al., 1990:133). Die behoefte om hierdie tydelike konstruksies met verloop van tyd in permanente wooneenhede te omskep, mag daartoe meehelp dat die konstruksiebedryf oor die medium termyn steeds 'n belangrike rol in Botshabelo se ekonomie sal speel. Die omvang van moontlike verhuising van pendel- en migrasie-arbeiders kan hierdie proses in die toekoms vertraag, aangesien dit tot 'n afname in die vraag na plaaslike behuising sal lei.
- In die tersiêre sektor is dit veral die dienstebedryf (+2 202) en in 'n mindere mate handel (+709) wat relatief goed in vergelyking met die RSA presteer het. Die prestasie van die dienstebedryf as werkverskaffer kan moontlik verklaar word deur die feit dat die openbare sektor in 'n ontwikkelende ekonomie soos dié van Botshabelo 'n groot rol te speel het ten opsigte van die skep van infrastruktuur en die daarstelling van ontwikkelingsprogramme. Weereens sal die moontlike verhuising van pendel- en migrasie-arbeiders 'n demper op toekomstige uitbreiding in die tersiêre sektor plaas, aangesien besteding deur hul gesinne dan elders sal geskied.

Tabel 4 toon 'n evaluering van die totale situasie wanneer die rol van beide plaaslike faktore (differensieel) en die samestellingseffek (proporsioneel) in die ekonomie van Botshabelo verreken word.

Die proporsionele verskuiwing (bedryfsamestelling) toon dat Botshabelo se ekonomie, gemeet aan die ekonomies bedrywige bevolking, tydens genoemde periode ietwat beter (+357) as dié van die land as geheel presteer het. Dit is veral die invloed van plaaslike faktore (differensiële verskuiwing +11 056) wat 'n totale netto verskuiwing van +11 413 tot gevolg gehad het.

In geheel gesien, wil dit voorkom asof fabriekswese die enkel bedryf met die grootste aandeel (+8 400 in Tabel 3) in

TABEL 4: BOTSHABELO-LANDDROSDISTRIK: TOTALE NETTO VERSKUIWING IN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING, 1985-1988

| Verskuiwing | | |
|---|---|---|
| Differensieël | Proporsioneel | Totaal netto |
| + 11 056 | + 357 | + 11 413 |

Bronne: Inligting verkry deur fisiese opname, November 1988

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens, (1986) *Bevolkingsensus 1985: nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag no 02-85-03), Pretoria, Die Staatsdrukker.

die prestasie van Botshabelo se ekonomie was. Vir 'n fyner ontleding van hierdie bedryf is van die koëffisiënt van spesialisasie gebruik gemaak.

### 3.2.2 Koëffisiënt van spesialisasie

Hierdie tegniek word gebruik om die graad van spesialisasie en diversifikasie in die vervaardigingsektor van 'n gebied te bepaal. Hoe hoër die koëffisiënt van spesialisasie, hoe groter is die graad van spesialisasie in die vervaardigingsektor en hoe laer die koëffisiënt van spesialiasie, hoe groter is die graad van diversifikasie. Die koëffisiënt van spesialisasie sal dus hoog wees indien indiensname in 'n klein aantal vervaardigingskomponente gekonsentreer is, en laag indien dit eweredig oor 'n verskeidenheid komponente versprei is. Die koëffisiënt van spesialisasie van 'n gebied word met dié van 'n groter geheel soos die RSA vergelyk ten einde dit as hoog of laag te klassifiseer.

Berekenings toon dat die koëffisiënt van spesialisasie vir die Botshabelo-landdrosdistrik (625,60) in November 1988[6] hoër as in die geval van die RSA (532,01) was. Dit dui op 'n relatief hoë graad van spesialisasie en 'n gepaardgaande relatiewe gebrek aan diversifikasie in die nywerheidstruktuur van Botshabelo. Die afleiding is dat die nywerheidstruktuur van Botshabelo kwesbaar is vir moontlike toekomstige werkloosheid indien daar 'n afname in die aktiwiteite van die hoofkomponente (tekstiel-, klerasie- en leernywerhede) van die vervaardigingsektor sou voorkom.

Hierdie gebrek aan diversifikasie kan daartoe bydra dat Botshabelo se vervaardigingsektor nie voldoende voorwaartse en rugwaartse bindinge bewerkstellig om dié sektor en ook die res van die stad se ekonomie te stimuleer nie. Ten einde hierdie aspek verder te ontleed, is van die inset-uitsetanalise gebruik gemaak.

## 3.3 Skakeling tussen bedrywe in die plaaslike ekonomie

Die inset-uitsetanalise (Pretorius, 1990) toon dat daar weinig skakeling tussen die verskillende bedrywe in Botshabelo bestaan en dat daar min sprake van 'n geïntegreerde ekonomie is. Die gevolg is dat die vermenigvuldigerbeginsel, wat hoofsaaklik deur kettingreaksies gestimuleer word, nie na wense in dié stad funksioneer nie. Hierdie gebrekkige skakeling tussen bedrywe beteken dat daar min onderlinge ondersteuning is. Rugwaartse skakeling (aankope) vind in die vorm van invoere, oftewel aankope van buite Botshabelo, plaas. Dit veroorsaak dat geld uit die gebied vloei. Voorwaartse skakeling (verkope) vind ook grotendeels as uitvoere (verkope buite Botshabelo) plaas. Laasgenoemde is egter 'n gunstige tendens in dié sin dat dit geld van buite na die gebied laat vloei.

Elke bestedingsrondte (skakeling) in 'n ekonomie, hetsy aankope of verkope, skep toegevoegde waarde (die ekstra waarde of verdienste wat tydens elke stap in die produksie- en/of distribusieproses van goedere bygevoeg word). Toegevoegde waarde word uitbetaal in die vorm van onder andere salarisse of lone, bedryfsurplus (wins) en oorbetalings aan die owerheid.

Daar bestaan dus 'n direkte verband tussen die mate van skakeling wat in 'n ekonomie voorkom en die werkskeppende vermoë van so 'n ekonomie. In die geval van Botshabelo is plaaslike ondernemings vir doeleindes van die inset-uitsetanalise in 14 bedrywe verdeel. Derhalwe is alle transaksies in die plaaslike ekonomie in 'n matriks van 14 ingedeel. Volgens dié matriks is daar teoreties 196 (14 x 14) skakelingsmoontlikhede in die ekonomie. Slegs 31 (16 persent) van hierdie skakelings is benut.

Benewens die *aantal* skakelings is die *omvang* van 'n skakel ook van belang. Sou een onderneming byvoorbeeld R100 se goedere by 'n ander koop, is daar gewis nie ruimte vir genoeg toegevoegde waarde om 'n werkgeleentheid te skep nie. Die prentjie verander egter as die randwaarde of omvang van die skakeling byvoorbeeld R100 miljoen sou wees. In Botshabelo het die totale verkope van alle ondernemings in die boekjaar 1988/89 ongeveer R440 miljoen bedra, waarvan slegs ongeveer R36 miljoen (8 persent) se goedere en dienste in Botshabelo self verkoop is.

Die afleiding kan gemaak word dat die plaaslike ekonomie van Botshabelo oor weinig inherente vermoë tot die skepping van addisionele werkgeleenthede beskik. Terselfdertyd moet egter opgemerk word dat daar gewis ruimte vir beter skakeling bestaan. As die moontlikhede ten volle geëksploiteer word, is daar geen rede waarom die ekonomie nie gaandeweg al meer werkers plaaslik van werk sal kan voorsien nie.

## 3.4 Inkomevermenigvuldigers

Die vermoë van 'n bedryf om inkome (werkgeleenthede) te genereer, kan verder met behulp van inkomevermenigvuldigers bepaal word. Indien die landboubedryf, as voorbeeld, 'n inkomevermenigvuldiger van 1,34 vertoon, beteken dit dat 'n toename van R1,00 in die verkope (finale vraag) van dié bedryf die totale inkome van al die werkers in die onderskeie bedrywe met R1,34 sal laat toeneem.

In Tabel 5, kolom 3 word die verskillende inkomevermenigvuldigers per bedryf aangedui. Slegs die bedryf handel (10) het 'n vermenigvuldiger groter as twee, gevolg deur dienste (14) met 'n vermenigvuldiger van 1,52. Vervaardiging van chemikalieë (5) het 'n vermenigvuldiger van 1,44 en die vermenigvuldiger van vervaardiging van metaalprodukte (7) is 1,41. Die res van die bedrywe se vermenigvuldigers val tussen 1,32 en 1,36. Uit dié syfers is dit duidelik dat, met die uitsondering van handel, die bedrywe se vermenigvuldigers relatief laag is. Die primêre rede hiervoor is die swak skakeling tussen plaaslike bedrywe, wat tot gevolg het dat positiewe rimpelingseffekte wat deur plaaslike ondernemings veroorsaak word, buite Botshabelo opgevang word. Sou die ekonomie meer geïntegreerd ontwikkel, sal die syferwaardes van die vermenigvuldigers styg.

## 3.5 Afhanklikheid van eksterne aankope

Botshabelo is in 'n hoë mate van invoere (aankope buite Botshabelo) afhanklik en van die totale insette (aankope) van ongeveer R278 miljoen deur plaaslike ondernemings is slegs ongeveer R36 miljoen in die stad self bestee. Word die invoere per bedryf ontleed (Tabel 6), blyk dit dat tien van die veertien bedrywe meer as 90 persent van hul insette buite Botshabelo aankoop.

Uiteraard is dit vir die ondernemers in Botshabelo onmoontlik om al hul benodigdhede in Botshabelo, of selfs in die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu-substreek aan te koop. Dit behoort egter moontlik te wees om 'n gedeelte van die ongeveer R242 mil-

TABEL 5: BOTSHABELO: INKOMEVERMENIGVULDIGERS PER BEDRYF, 1988/89

| Bedrywe | Direkte inkome-verandering | Direkte, indirekte en geïnduseerde inkome-verandering | Inkome-vermenigvuldiger |
|---|---|---|---|
| 1. Landbou en veeteelt | 0,1941 | 0,2598 | 1,3385 |
| 2. Voedsel | 0,2544 | 0,3359 | 1,3206 |
| 3. Tekstiel-, klerasie- en leernywerhede | 0,2388 | 0,3235 | 1,3544 |
| 4. Hout en houtprodukte | 0,4464 | 0,5924 | 1,3271 |
| 5. Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte | 0,1266 | 0,1822 | 1,4385 |
| 6. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool | 0,0839 | 0,1131 | 1,3490 |
| 7. Metaalprodukte, masjinerie en uitrusting | 0,1161 | 0,1634 | 1,4077 |
| 8. Ander vervaardigingsnywerhede | 0,2621 | 0,3905 | 1,4897 |
| 9. Konstruksie | 0,2272 | 0,3186 | 1,4020 |
| 10. Groot- en kleinhandel en verversings- en akkommodasiedienste | 0,1045 | 0,3032 | 2,9008 |
| 11. Motorhandel en -hersteldienste | 0,0398 | 0,0527 | 1,3225 |
| 12. Vervoer, opberging en kommunikasie | 0,3564 | 0,4839 | 1,3579 |
| 13. Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste | 0,6091 | 0,8182 | 1,3431 |
| 14. Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste | 0,1308 | 0,1991 | 1,5216 |

TABEL 6: BOTSHABELO: PLAASLIKE TEENOOR TOTALE INSET-KOËFFISIËNTE PER BEDRYF, 1988/89

| Bedrywe | Plaaslike inset-koëffisiënt (A) | Totale inset-koëffisiënt (B) | Lekkasie: (B – A) (C) |
|---|---|---|---|
| 1. Landbou en veeteelt | 0.00169 | 0.77808 | 0.77639 |
| 2. Voedsel | 0.00119 | 0.47780 | 0.47661 |
| 3. Tekstiel-, klerasie- en leernywerhede | 0.01302 | 0.53644 | 0.52342 |
| 4. Hout en houtprodukte | 0.01054 | 0.98683 | 0.97629 |
| 5. Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber en plastiekprodukte | 0.04381 | 0.46038 | 0.41657 |
| 6. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool | 0.00341 | 0.41398 | 0.41057 |
| 7. Metaalprodukte, masjinerie en uitrusting | 0.01855 | 0.65870 | 0.64015 |
| 8. Ander vervaardigingsnywerhede | 0.08997 | 0.53602 | 0.44605 |
| 9. Konstruksie | 0.01122 | 0.76319 | 0.75197 |
| 10. Groot- en kleinhandel en verversings- en akkommodasiedienste | 0.23302 | 0.72289 | 0.48987 |
| 11. Motorhandel en -hersteldienste | 0.00024 | 0.44555 | 0.44531 |
| 12. Vervoer, opberging en kommunikasie | 0.17655 | 0.49221 | 0.31565 |
| 13. Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste | 0.02488 | 0.24884 | 0.22396 |
| 14. Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste | 0.04926 | 0.39442 | 0.34516 |

joen se goedere en dienste wat ingevoer word winsgewend in Botshabelo self te voorsien. Veral vervaardigers behoort hulle toe te spits op die behoeftes van plaaslike ondernemings en die skep van bindings- en agglomerasievoordele in dié stad.

Tot tyd en wyl 'n samewerkingskultuur tussen onderskeie ondernemings in Botshabelo ontwikkel, sal noemenswaardige ekonomiese groei en ontwikkeling 'n ontwykende doelwit bly.

### 3.6 Bykans alle produkte van die vervaardigingsektor word uitgevoer

Gegewens in Tabel 7 (wat op die inset-uitsettabel gebaseer is) dui aan dat etlike bedrywe in Botshabelo bykans al hul produkte uitvoer. Op sigself is dit 'n goeie teken, want uitvoere laat geld na die gebied vloei. Wat egter vreemd voorkom, is die feit dat bedrywe wat wel in die stad kan bemark, al hul produkte uitvoer. So byvoorbeeld is bevind dat alle slaghoenders wat in Botshabelo geproduseer word, uitgevoer word, terwyl inwoners van die stad in die boekjaar 1988/89 ongeveer R5,3 miljoen se hoendervleis elders gekoop het (Van der Merwe, 1990: 227). Dieselfde geld ten opsigte van klerasie. Volgens Tabel 7 het die klerefabrieke bykans 99 persent van hul produkte uitgevoer, terwyl inwoners van die gebied R11,6 miljoen op klerasie spandeer het waarvan R8,6 miljoen (Van der Merwe, 1990:227) *buite* Botshabelo. Verskynsels soos dié verontagsaam die feit dat beter skakeling tussen plaaslike bedrywe tot die skep van addisionele werkgeleenthede aanleiding sal gee. Dat daar ongetwyfeld moontlikhede vir beter skakeling tussen ten minste die vervaardigingsektor en die tersiêre sektor (veral handel) bestaan, blyk duidelik uit 'n ontleding van die inset-uitsettabel.

### 3.7 Samevatting

3.7.1 Gedurende die periode onder bespreking is werkgeleenthede in Botshabelo vinniger as die gemiddeld vir die land as geheel geskep (Tabel 3). Hierdie tendens is waarskynlik nie 'n inherente kenmerk van die ekonomie van Botshabelo nie, maar kan eerder grootliks aan die volgende faktore toegeskryf word:

TABEL 7: BOTSHABELO: PLAASLIKE TEENOOR TOTALE UITSET-KOËFFISIËNTE PER BEDRYF, 1988/89

| Bedrywe | Plaaslike uitsetkoëffisiënt (A) | Totale uitsetkoëffisiënt (B) | Lekkasie: (B - A) (C) | % uitvoere (C/B x 100) (D) |
|---|---|---|---|---|
| 1. Landbou en veeteelt | 0.00000 | 0.87753 | 0.87753 | 100.00 |
| 2. Voedsel | 0.80330 | 0.80330 | 0.00000 | 0.00 |
| 3. Tekstiel-, klerasie- en leernywerhede | 0.00924 | 0.88015 | 0.87091 | 98.95 |
| 4. Hout en houtprodukte | 0.06585 | 1.05707 | 0.99122 | 93.77 |
| 5. Chemikalieë en chemiese, petroleum-, steenkool-, rubber- en plastiekprodukte | 0.03702 | 0.89261 | 0.85559 | 95.85 |
| 6. Nie-metaalhoudende mineraalprodukte, uitgesonderd produkte van petroleum en steenkool | 0.53505 | 1.02482 | 0.48977 | 47.79 |
| 7. Metaalprodukte, masjinerie en uitrusting | 0.02569 | 0.87270 | 0.84700 | 97.06 |
| 8. Ander vervaardigingsnywerhede | 0.02848 | 0.61547 | 0.58699 | 95.37 |
| 9. Konstruksie | 0.93146 | 0.96029 | 0.02883 | 3.00 |
| 10. Groot- en kleinhandel en verversings- en akkommodasiedienste | 0.60767 | 0.68775 | 0.08009 | 11.64 |
| 11. Motorhandel en -hersteldienste | 0.90717 | 1.13323 | 0.22606 | 19.95 |
| 12. Vervoer, opberging en kommunikasie | 0.52159 | 0.95088 | 0.42928 | 45.15 |
| 13. Finansiering, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste | 0.34028 | 0.69444 | 0.35417 | 51.00 |
| 14. Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste | 0.61544 | 0.61576 | 0.00033 | 0.05 |

- Die tempo van verhuising van mense na Botshabelo in die eerste jare na totstandkoming het vinnige stedelike ontwikkeling tot gevolg gehad.
- Die nywerheidsaansporingsmaatreëls wat aan nyweraars in Botshabelo toegestaan is, het in 'n groot mate 'n kunsmatige situasie geskep waar natuurlike ekonomiese kragte 'n ondergeskikte rol ten opsigte van nywerheidsvestiging gespeel het.
- Besteding deur pendel- en migrasiearbeiders en hul gesinne het tot uitbreiding van veral die tersiêre sektor aanleiding gegee.

3.7.2 As gevolg van gebrekkige skakeling tussen bedrywe in Botshabelo is daar tans weinig sprake van 'n geïntegreerde ekonomie. Botshabelo se afhanklikheid van invoere, asook die groot hoeveelheid goedere en dienste wat uitgevoer word, lei tot swak vermenigvuldigers en 'n gepaardgaande swak werkskeppingsvermoë.

3.7.3 In verhouding tot die stad se totale arbeidsmag is die getal ekonomies aktiewe persone wat tans 'n bestaan in Botshabelo maak, onbevredigend laag, 'n feit wat uiteindelik ook 'n belangrike rol kan speel in die migrasie van die bevolking na ander sentra waar meer werkgeleenthede beskikbaar is.

3.7.4 Dit blyk dat Botshabelo se ekonomie tans nie op sy eie in staat is om in die vraag na plaaslike werkgeleenthede te voorsien nie. Beplanning vir Botshabelo se toekomstige groei en ontwikkeling moet deeglik met dié stad se funksionering binne die BBT-substreek rekening hou. Dit word gedemonstreer deur die feit dat slegs 33,74 persent (parag. 2) van Botshabelo se ekonomies bedrywige bevolking binne dié stad werk, terwyl die res op pendel- en migrasie-arbeid in veral Bloemfontein en die Vrystaatse Goudvelde aangewese is. Verdere bevestiging word gevind in die feit dat Bloemfontein (43 persent) en Thaba Nchu (34 persent) die twee sentrums is waarheen die grootste deel van Botshabelo se buitebesteding vloei (Van der Merwe, 1990:56). Enige handeling wat die komplementêre aard van ontwikkeling in Bloemfontein, Botshabelo of Thaba Nchu stimuleer of strem, sal 'n invloed op ekonomiese groei en ontwikkeling in Botshabelo hê.

NOTAS

[1] Hierdie artikel is gebaseer op inligting uit sekondêre bronne asook navorsing wat gedurende 1989 deur die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (ISEN) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Botshabelo onderneem is. Menings en interpretasies is dié van die skrywers en moet nie aan ISEN toegeskryf word nie.

[2] Lektor/navorsers aan die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

[3] Alle persone wat werknemers is of vir hulself werk.

[4] Pendelarbeid verwys na inwoners van Botshabelo wat op 'n daaglikse basis na en van hul werkplek reis. Migrasie-arbeid verwys na alle ander inwoners van Botshabelo wat buite dié stad werk.

[5] Berekening van die differensiële verskuiwingseffek berus op 'n vergelyking van die persentuele toename in indiensname **per bedryf** op nasionale vlak (RSA) met die ooreenkomstige toename in die betrokke gebied (Botshabelo) **oor 'n gegewe tydperk**. In die geval van Botshabelo was dit nie moontlik om 'n ooreenstemmende tydperk van vergelyking met die RSA te vind nie, aangesien daar vir die verkryging van inligting hoofsaaklik op sekondêre data in die vorm van bevolkingsensustabelle gesteun moes word. Die laaste bevolkingsensus is in 1985 onderneem, dus is die intersensusperiode 1980 tot 1985 as vergelykingstydperk in die geval van die RSA gebruik. Botshabelo is egter eers in November 1983 tot 'n dorpsgebied en kort daarna tot 'n landdrosdistrik verklaar en ontledings is op die tydperk 1985 (sensus) en 1988 (waartydens 'n opname deur ISEN in die stad onderneem is) gebaseer. Beskikbare inligting toon dat daar tussen 1985 en 1988 geen noemenswaardige veranderinge in die ekonomiese struktuur van die RSA of Ontwikkelingstreek C (waarbinne Botshabelo geleë is) plaasgevind het nie. Die verskil in jaartalle blyk dus nie 'n wesenlike probleem te wees nie.

[6] Inligting rakende die vervaardigingsektor in die RSA is geneem uit: Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens (1989) *Arbeidstatistieke: werkertal en salarisse en lone: mynwese en steengroefwerk, fabriekswese, konstruksie en elektrisiteit* (p 0242.1), Pretoria, Die Staatsdrukker.

## BIBLIOGRAFIE


BOTHA WJvH, DE VOS TJdV en THERON, J.H. 1990. *Botshabelo: 'n Grongebruikopname* (Beplanning vir die Ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 6), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

FOURIE, P.C. 1987. *Enkele kenmerke van ontwikkeling in die Bloemfontein-Botshabelo-Thaba Nchu-substreek en vooruitsigte vir die toekoms*, Referaat gelewer tydens 'n byeenkoms van die Bloemfontein Studiegroep van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

PERLOFF, H.S. and DODDS, V.W. 1963. *How a region grows* (Supplementary Paper No 17), New York, Committee for Economic Development.

PRETORIUS, C.J. 1990. *Die ekonomie van Botshabelo: 'n Inset-uitsetanalise* (Beplanning vir die Ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 5), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

STEVENS, B.H. and MOORE, C.L. 1980. "A critical review of the literature on shift-share as a forecasting technique", *Journal of Regional Science*, vol 20, No 4 (November), pp 419-437.

STRYDOM, A.J. en VREY, W.J.H. 989. *Die ekonomie van Botshabelo binne streekverband* (Beplanning vir die Ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 4), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

Suid-Afrika (Republiek), Departement van Samewerking en Ontwik-keling. 1985. *Botshabelo: Inligtings-verslag*, Pretoria, (s.n.).

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1989. *Arbeidstatistieke: Werkertal en Salarisse en Lone: Mynwese en Steengroefwerk, Fabriekswese, Konstruksie en Elektrisiteit* (p 0242.1), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1986. *Bevolkingsensus 1985: Nywerheid volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik* (Verslag No 02-85-03), Pretoria, Die Staatsdrukker.

Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens. 1988. *Lopende bevolkingsopname: Nasionale ontwikkelingstreke, provinsies en selfregerende gebiede: Swartes- Augustus 1988 op grond van nuwe steekproef* (p 0344), Pretoria, Die Staatsdrukker.

VAN DER MERWE, R.B. 1990. *Bevolkings- en bepaalde ander aspekte in Botshabelo: Bevolkingseienskappe, beroeps- en bedryfsverdeling, inkomste en besteding* (Beplanning vir die Ontwikkeling van Botshabelo, Verslag nr 3), Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.